W. F. DANKBAAR, *Calvijn zijn weg en werk*, G. F. Callenbach N.V. te Nijkerk, z.j., 226 blz.

Die leser word hier 'n uitmuntende biografie van die groot kerkhervormer Johannes Calvyn van die hand van die Groningse Kerkhistorikus gebied. Die boek is die breëre uitwerking van 'n reeks radiolesings wat die skrywer in 1956/57 voor die Nederlandse radio gehou het. Hieruit blyk reeds dat die werk boeiend, lewendig en aktueel is sonder dat die akademiese vereistes in die slag gebly het. Dit was ook tyd dat daar 'n waardige teëhanger in die nederlandse taal sou kom van die bekende werk van prof. W. J. Kooiman oor die ander groot kerkhervormer Maarten Luther. Prof. Dankbaar het inderdaad so 'n werk gelewer en dit is baie waarskynlik dat hierdie biografie van Calvyn netsoveel belangstelling en waardering sal ondervind as die werk van Kooiman oor Luther. Want in hierdie biografie laat die skrywer Calvyn weer lewe en hy verhoog die interessantheid van die werk deur ryklik van sitate, veral uit Calvyn se briewe, gebruik te maak.

Gelukkig word hier ook nie 'n Calvyn-verheerliking gebied nie, inteendeel, 'n rustige, objektiewe maar tog lewendige beeld word hier van die Geneefse hervormer gebied. Dit blyk alreeds uit die beskrywing van die berugte „Servet-saak" wat veral deur die roomse kerkhistorici met 'n kort herinnering, so veel misbruik is.

'n Oorsig word ook van Calvyn se teologiese denke gegee en die belangrikste punte van Calvyn se teologie word hier volkome verantwoord en goed verstaanbaar, ook vir die teologies nie geskoolde leser, uiteengesit.

Die boek is besonder netjies uitgegee en is met talle fotos versier terwyl 'n deeglike register die bruikbaarheid van die boek verhoog. Terwyl vele kerkhistoriese werke vandag nóg verskyn sonder registers, en waarom dit gedoen word, is onbegrypbaar, is dit 'n vermeldenswaardige feit dat 'n deeglike register hierdie werk sier.

Dit is duidelik dat ons hier 'n werk het wat ongetwyfeld deur vele gelees sal kan word en al is dit in nederlands behoort die taal geen onoorkomelike beswaar vir die Afrikaanse leser te wees nie. Die werk word dan ook met graagte aanbeveel en die hoop bestaan dat dit ook hier te lande 'n wye leserskring sal hê.

A. D. PONT.